Tema: Leef jou liefdesopdrag van God uit want liefde oorwin alles en almal.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 213: 1, 2
Lied 205: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 151: 1, 2
Seën
Lofsang Lied 334: 1, 2, 3, 4
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Romeine 13 : 8 – 1; Fokusvers: Romeine 13: 8
Belydenis: HK vrae 86 en 91
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Tyd vir oordenking
Sing Sb 14-1: 2, 3
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs

Die herrie wat die afgelope week op alle media losgebars het oor die optrede van Supersport se rugbykommentators het opnuut ŉ diep sweer in ons samelewing oopgesny en al sy aaklige, vernietigende inhoud van rassisme, haat, jaloesie, rusie, onverhoorde oordeel, meerderwaardigheid, minderwaardigheid en disrespek laat uitkook. Dit is inderdaad soos ons teks beskryf “nag” in ons samelewing!

Wat was, of is jou opinie? Hoe het jy op die gebeure gereageer? Het jy bygedra tot die donker van die “nag” of het jy ŉ ligstraal van liefde laat skyn? Want sien: daar is vir my en jou geen ander opsie nie, ons opdrag is om met liefde te leef en dit so prakties en duidelik te doen dat ons soos helder ligstrale in die nag hoop kan bring! Want dis is net volgehoue, opofferende liefde wat alles en almal oorwin!

Geliefdes, met wat tans in ons land aan die gang is op verskillende terreine lyk dit asof die Satan die oorwinning oor ons gaan behaal. Op politieke gebied is daar geen positiewe leierskap nie en meer en meer verdeling vind plaas. Op maatskaplike gebied lyk dit asof die werkloosheid, armoede en geweld die oorhand kry. Die menseverhoudinge in ons land is seker op een van die laagste punte wat dit al was – lees maar net wat op sosiale media gesê word.

Dit lyk asof daar net nie antwoorde is op hierdie dinge nie. Vanaand wil die Here egter dat ons met geloofsoë na die omstandighede moet kyk en besef dat ons die sterkste wapen het om hierdie dinge te kan oorwin en dit is die liefde! Die duiwel en bose magte is nie bestand liefde nie! Ware liefde vir God en liefde vir ons naaste. Die liefde oorwin alles en dit oorleef alles. Die liefde is die wapen van die lig wat die duisternis verdryf.

Daarom sê die Here vanaand : Leef julle liefde uit want liefde oorwin alles en almal. Daardie liefde wat God aan ons bewys het deur Christus na die aarde te stuur om ons te red. Die liefde wat Christus vir ons gehad het om aan die kruis vir ons te sterf. Daardie liefde leef in ons en is ons kragtigste wapen. .

Kom ons kyk na drie sake rondom ons sterkste wapen:

1. Hoe hierdie liefde as wapen lyk.
2. Hoe die liefde die duiwel oorwin deur ŉ gehoorsame lewe.
3. Hoe ek hierdie liefde kan uitleef as my persoonlike sterkste wapen.

Geliefdes, die Here het in sy groot genade aan ons sy liefde bewys. Sy liefde was onvoorwaardelik. Ware Bybelse liefde soek nie na redes om iemand lief te hê nie maar jy het iemand lief ondanks al die redes wat jy kan opnoem hoekom jy daardie persoon nie kan liefhê nie. Die Here het ons so lief gehad – nog voordat ons kon liefhê – en daarom het Hy Christus na hierdie aarde gestuur om aan die kruis sy liefde vir ons te bewys deur sy lewe vir ons af te lê! Hierdie liefde is in ons oorgegiet

deur die genade van God met geloof wat Hy aan ons geskenk het! Hierdie liefde word in ons gewerk deur die Heilig Gees en daarom moet ons mekaar ook met hierdie onvoorwaardelike en opofferende liefde liefhê.

Dis die goeie werke waarvan die Kategismus in vr. 86 en 91 praat! Dat ons in antwoord op God se liefde ook daadwerklik hierdie liefde uitleef! En hierdie goeie werke is nie wat ons uitdink om te doen nie – nee! Dit is om te doen wat God wil en wat tot sy eer sal strek!
Die Here sê dit is al wat ons mekaar skuld. Ons skuld dit Hom in antwoord op sy redding en ons skuld dit mekaar in opdrag van God. As ons mekaar liefhet dan is ons gehoorsaam aan al die gebooie van die wet.

Brs en srs, ons moet hierdie unieke Bybelse liefde so sigbaar uitleef dat mense ons daaraan kan herken. Die onvoorwaardelikheid, die opoffering, die toewyding, die oorgawe, die onselfsugtigheid – alles dinge wat teen die wêreld se manier van liefde staan – dit moet ons uniek en herkenbaar maak. Ons krag lê in ons andersheid. Ons is in die wêreld maar nie van die wêreld nie. Dit is hoe die liefde as wapen lyk

Hierdie liefde word ook gekenmerk deur respek vir ander mense te hê. Alle mense is deur God geskape en alle mense verdien om as God se handewerk gerespekteer te word. Dis immer ook die rede waarom ons liefde aan mense bewys: omdat God sy liefde aan alle mense wil bewys – ongeag wie hulle is en hoe hulle lyk! Al verskil iemand in alle opsigte van my en doen hy of sy dinge waarmee ek glad nie kan saamstem nie – hulle bly ’n skepping van God wat ek met respek hanteer. Ek moet die mens liefhê, nie sy of haar sondige dade of lewe of woorde nie!

2. Hierdie liefde oorwin die werke van die duisternis deur die gehoorsaamheid van gelowiges.
Paulus begin sy oorwinningskreet oor die sonde met ’n wekroep tot gereedheid. Hy sê: word wakker en leef julle liefde uit – want die nag is amper verby – die dag is besig om te breek. Die oorwinning is aan die kom – jou tyd is min – leef jou liefde uit.

Die nag versimboliseer die mag van die duiwel, maar Paulus sien alreeds die eerste strale van die lig wat deurbreek – die dag is aan die kom – die oorwinning is seker. Paulus verwys natuurlik hier na die Wederkoms van ons Here Jesus Christus. Die oorwinningslig het reeds begin skyn na die drie ure duisternis aan die kruis op Golgota en dit het al hoe helderder begin skyn op die opstandingsondag. Die strale daarvan het sterker geword toe die Heilige Gees uitgestort is en nou sien ons reeds die koms van die dag.

Brs en srs, die oorwinning is duidelik sigbaar. Word wakker ! Met ander woorde: word bewus daarvan en leef die liefde uit. Oorwin met die liefde die werke van die duisternis. Die liefde is die sterkste wapen van die lig en daarmee verbreek ons die werke van die duiwel. Ons moet ook leef met hierdie oorwinningsgesindheid en nie

toelaat dat mense en hulle sonde ons optrede en toewyding negatief beïnvloed nie! Dat ons negatief reageer en nie kans sien om met hierdie liefde as wapen te leef nie!

Paulus noem hier ses voorbeelde van die mag van die duiwel wat ons met liefde van die lig kan oorwin:
Die eerste twee hou verband met versoekinge van kos en drank: brassery en drinkery
Die tweede stel hou verband met seksuele versoekinge. Buitehuwelikse seks en skaamtelose seksuele optrede. Dit verwys na naaktheid en seksuele perversie.

Die derde stel hou verband met menseverhoudinge en dis waarop ons wil fokus: Paulus noem "kompetisie en rusie" as twee negatiewe maniere waarop mense met mekaar omgaan. Die res van die Skrif voeg by: jaloesie, haat, veroordeling en minagting! Dat ons onsself oor ander mense verhef en ons meerderwaardig beskou. Dat ons mekaar verguis en mekaar veroordeel.

Hierteenoor leer die Here: ons liefde vir God en ons naaste laat my nie met eie geregtigheid optree nie! Dit leer my om nie my eie belang te soek nie. Om nie te leef in rusie en kompetisie nie – maar dien mekaar.

Natuurlik beteken liefde ook om mekaar in die waarheid tereg te wys! Liefde is nie net soetsappige toegewing aan alles wat verkeerd is nie! Nee, liefde is ook om die waarheid te praat en mekaar reg te help wanneer ons van die pad wegdraai! Wanneer die Here ons in die Skrif leer dat ons mekaar nie mag oordeel nie, dan bedoel dit dat ons nie mekaar mag verdoem tot die hel nie! Alleen God kan iemand oordeel!
Ons mag wel en moet wel mekaar se woorde en dade oor aan dit wat reg en goed is volgens God Woord. Ons mag nie veroordeel nie, maar moet mekaar wel beoordeel en mekaar tereg wys!

Deur mekaar in liefde reg te help breek ons die werke van die duisternis – en met ŉ gehoorsame lewe oorwin ons die werk van die duiwel. Vir ons mag dit lyk asof ons optrede geen verskil in die wêreld maak nie! Die Here Jesus het ons egter geleer: ons is die sout en die suurdeeg – al is ons min en al lyk ons liefdesdade hoe gering – God gebruik dit om die Bose te oorwin! Laat ons dan reeds met die geloofsoë hierdie lig wat God in die duisternis bewerk raaksien! Mag dit ons ook al hoe meer getrou maak om so te leef!

3. Die laaste saak: Hoe ek hierdie liefde kan uitleef as my persoonlike sterkste wapen?
Paulus sluit hierdie oproep tot oorwinning af deur ons te wys hoe ons kragtig in hierdie Bybelse liefde kan leef. Hy sê in vers 14: Leef soos volgelinge van Jesus

Christus . Letterlik staan daar: Beklee julle met Jesus Christus. Trek Christus aan. Hy is ons liefdeswapen.

Hiermee bedoel Paulus: leef in die allernouste geestelike gemeenskap met Jesus Christus jou Here. Leef naby aan Hom. Laat Hy jou krag en beskutting wees. Want deur Hom aan te trek – gee Hy my ook die krag van die Heilige Gees wat kragtig liefde in my werk.

Brs en srs, as ons Christus aantrek – dan lyk ons ook naderhand soos Hy. Ons moet sy beeld in hierdie wêreld uitdra – daarmee oorwin ons die duiwel. Wanneer hy Christus in ons sien – dan vlug Hy van ons af weg want Hy is nie bestand teen die liefde van Christus nie.

As ek Christus aantrek – my krag in Hom vind –dan kan ek ook my sondige begeertes in toom hou en leef soos God wil dat ek moet leef.

Brs en srs – die liefde van God in Christus deur die Heilige Gees is ons kragtigste wapen. Trek dit aan – laat almal jou so daaraan ken – ook die duiwel en hy sal van jou wegvlug.

Kom, geliefdes, kyk: die nag is besig om te verdwyn, die lig begin reeds deurbreek. Kom ons veg met die liefde en behaal in die krag van God die oorwinning oor die magte van die duisternis wat aan die werk is. Dan sal ons ook eendag met ons eie oë sien hoe God die Satan en sy bose magte – sy en ons vyand - finaal in kettings bind en hom en al sy bose magte in die hel gooi.

En die wonderlike is: ons kan nou reeds daardie oorwinning smaak. Kom ons skep moed vir hierdie geestelike oorlog. Die duiwel het geen antwoord op die liefde nie. Hy kan nie daarteen stand hou nie.

Br en sr – wees lief vir God en vir jou naaste – dit is jou krag en jou oorwinning.

Amen